

**Dinsdag 15 Augustus**

**Skrifgedeelte: Handeling 10:44-48**

**Fokusgedeelte: Handeling 10:44**

**Die koninkryk van God en geloofsgroei**

Verstaan ek en jy hoe belangrik dit is dat ons geestelik groei? Die koninkryk van God breek deur wanneer God se kinders geestelik groei! Ons sien dit in Handeling 10. Hierdie hoofstuk in die Bybel verteenwoordig 'n sleutel-oomblik in die uitbreiding van die koninkryk van God. God maak hier duidelik dat die evangelie van Jesus Christus nie net vir die Jode bedoel is nie, maar ook vir die heidene (nie-Jode). Tot groot verbasing van die Joodse gelowiges kom die Heilige Gees tydens Petrus se getuenis (vs 44) ook op die Romeinse kaptein Kornelius, op sy hele familie en al sy huisvriende (vs 24).

Let egter op hoe God te werk gaan in hierdie wonderlike deurbraak vir sy ryk. Hy gaan nie by gewone mense verby nie, Hy gebruik hulle juis! Eers breek God deur in mense se harte, dan in hulle lewens, dan in hele samelewings, gemeenskappe, volke en lande. Kornelius en sy hele huisgesin (vs 2) groei deur God se genade tot godsdienstige mense wat baie goed doen aan armes en gereeld tot God bid (vs 2). Petrus groei deur God se genade tot iemand wat insien dat die evangelie ook vir nie-Jode bedoel is (vs 34) en hy ontvang bekwaamheid om gesagvol oor die geloofswaarhede te getuig (vs 39). Juis deur hierdie groeiwerk in mense brei die koninkryk van God uit, ontvang mense die Heilige Gees (vs 47) en word hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop (vs 48).

Sekerlik is God en sy ryk nie van mense en hulle geestelike groei afhanklik nie, maar wonderlik, wil God juis só werk! Ook in my en jou vandag! Wie bid: "Laat u koninkryk kom!" moet self bereid wees om te groei.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)*